

VIËTNAM 4 – 17 MAART 2025

Maart

Di 4 JOHANNESBURG – SINGAPOER

Toerlede ontmoet op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** vir vlug **SQ 479** wat om **13:45** via **Singapoer** na **Hanoi** vertrek. Sorg asseblief dat u reeds tussen **09:45** en **10:45** by *Singapore Airlines* se inweegtoonbanke is.

Wo 5 SINGAPOER – HANOI

Ons land vanoggend om **06:10** in **Singapoer**, waarvandaan ons om **09:15** 'n aansluitingsvlug na **Hanoi** neem vir aankoms om **11:30**. 'n Plaaslike gids wag ons op die Noi Bai-internasionale lughawe in.

Hanoi is nie net die hoofstad nie, maar ook die tweede grootste stad en kulturele en politieke sentrum van Viëtnam. Daar is oral tekens van goed bewaarde Franse koloniale argitektuur, talle historiese landmerke uit die keiserlike tydperke in die Viëtnamese geskiedenis en talle museums in Hanoi.

Nadat ons 'n ruskansie by ons hotel gekry het, vertrek ons laatmiddag op 'n opwindende 3-uur lange **Straatkostoer**, waartydens die gids vir ons interessante tradisies en gebruike uit die Viëtnamese koskultuur sal verduidelik en uitwys. Soos wat ons aangaan, kry ons ook geleentheid om aan hulle tipiese versnaperinge te proe en selfs die *Bia Hoi* bier te probeer.

Tydens ons toer besoek ons onder andere die *Ngoc Son* tempel wat op 'n klein eilandjie in die Hoan Kiemmeer geleë is. Die meer is ryk aan legendes. Ons besoek ook die plaaslike binnenshuise mark, *Dong Xuan*.

Die lewendige oustad wat ons daarna besoek, is 'n miernes van bedrywighede. Vir eeue reeds word hier handel gedryf – oorspronklik was dit die gebied waar verskillende bedryfsgildes aktief was en so het dit die basis gelê vir die handelsaktiwiteite wat vandag nog hier plaasvind. Die gebied staan tradisioneel as die **36-straatjies** bekend – moontlik met verwysing na die wye verskeidenheid van koopware wat hier aangetref kan word – dit wissel van talle kosstalletjies tot pragtige sy en geborduurde lappe, juwele, speelgoed, koffie, klere, huisware, ens.

Die interessante boustyle en atmosfeerryke steggies se kleure en geure, is uniek. Ons kry geleentheid om te sien hoe die tipiese *Banh Cuon* pasteitjies met papierdun rysdeeg gemaak word en dit dan ook te proe. Daarna kom 'n heerlike noedelsop met beesvleis aan die beurt. Nagereg bestaan uit vars vrugte met kondensmelk en ys!

Voordat ons terugkeer hotel toe, ontdek ons een van Hanoi se bes bewaarde geheime: 'n versteekte kafeetjie in die stad wat 'n asemrowende uitsig oor die Hoan Kiemmeer bied en een van die min plekke wat nog die heerlike plaaslike lekkerny, eierkoffie, bedien.

Daar is geleentheid om die omgewing nog op u eie te verken, of u kan saam met die gids teruggaan na die hotel waar die groep oornag.

Do 6 HANOI

Na ontbyt geniet ons 'n voldag besigtiging van hierdie geskiedkundige stad. Ons besoek die Etnologiese museum, wat vir besoekers iets van die diversiteit en kultuur van die 54 etniese Viëtnamese groepe toon.

Ons besoek ook die Tempel van Literatuur wat opgedra is aan Confucius, die Sjinese wysgeer en filosoof. Hierdie tempel het ook gedien as Viëtnam se eerste universiteit vanaf 1076 – 1779. Dit strek oor 54 000 vk m en bestaan uit verskeie geboue, pilaargange, binnehowe, tuine, 'n meer, ens.

Ons geniet middagete in 'n plaaslike restaurant.

Vanmiddag besoek ons twee Boeddhistiese tempels, *Tran Quoc Pagoda* wat uit die 6de eeu dateer en die ikoniese *1 Pillar Pagoda* uit die 11de eeu. 'n Pagode is 'n piramied-vormige tempel met dakpunte wat op elke vlak na boontoe krul.

Viëtnam was 'n Franse kolonie vanaf 1880 – 1945. Oudpresident Ho Chi Minh het in 1945 die onafhanklikheid van die demokratiese republiek van Viëtnam aangekondig. Hy word as die land se grootste held beskou. Ons besoek die hele Ho Chi Minh-kompleks wat ter nagedagtenis aan hom

opgerig is. Hier sien 'n mens onder andere die presidensiële paleis, die marmermausoleum waar hy te ruste gelê is en ook die beskeie houthuisie op stelte, waar 'Oom Ho' tot sy dood in 1960 geleef en gewerk het.

Ons kry geleentheid vir 'n fotostop by die bekende Hanoi-treinstraat waar die spoor dig verby die aangrensende huise loop. Daarna geniet ons 'n water poppeteater-vertoning, 'n tradisionele vorm van vermaak uit die 11e eeu.

Vanaand se aandete, voor ons laaste nag in Hanoi, is by 'n plaaslike restaurant.

Vr 7 HANOI – HOA LU - TRANG AN – NINH BINH

Ons vertrek na 'n vroeë ontbyt vanoggend op 'n baie mooi roete deur die platteland. Ons besoek die strategies geleë **Hoa Lu** antieke fort of sitadel, met 'n 17de eeuse tempel.

Na middagete in 'n restaurant, bereik ons die pragtige kalksteen berggebied wat dramaties bo die rysvelde uittroon. Die **Trang An** grotreeks wat hier oor 20 vk km strek, is 'n asemrowende netwerk van mistieke valleie, varswater mere, tropiese woude en rotsformasies met weggesteekte grotte. Dit pryk met reg op UNESCO se wêrelderfenislys. Ons vaar met 'n platboom roeiboot op die rivier en deur sommige van die grotte.

Avontuurlustiges wat graag wil bergklim, kan opsioneel die Mua-grot besoek en dan 'n uur lange klim aanpak om die asemrowende uitsig vanaf een van die bergpieke te geniet.

Ons geniet aandete in die hotel in **Ninh Binh** waar ons oornag.

Sat 8 NINH BINH – HALONGBAAI – OORNAGVAART

Ons vertrek vanoggend op 'n skilderagtige roete na **Halong** wat sowat 200 km vanaf Ninh Binh geleë is. By die hawe gaan ons aan boord van *Athena Cruises* vir 'n opwindende vaart. Ons geniet 'n heerlike middagete terwyl ons op die smaraggroen water verby rotsagtige en welige groen eilandjies vaar.

Halongbaai is bekend vir die talle grotte, versteekte poele en mistieke eilandjies wat in hierdie omgewing voortkom. U het die geleentheid om een van die boot se opsionele uitstappies te onderneem of om die omgewing op u eie of met een van die plaaslike bamboesroeibote te ervaar. Die boot stop by *Pelican cave* en *Surprise cave* vir diegene wat die area wil verken. Daar is ook die moontlikheid om te swem by Titov-eiland of om die 400 steil trappies uit te klim, met 'n ongelooflike uitsig oor Halongbaai as beloning. 'n Mens kan natuurlik ook net aan boord bly en die pragtige omgewing vanaf die boot se sondek geniet.

Voor aandete is daar 'n kookdemonstrasie van tradisionele Viëtnamese geregte, waarna ons kan aansit vir 'n heerlike aandete. Die res van die aand is u vry om te kuier of aan georganiseerde vermaak deel te neem.

So 9 HALONG – HANOI-LUGHAWE – HUE

Diegene wat vroeg genoeg opstaan, het die geleentheid om die sonsopkoms oor die baai te geniet. Na 'n ligte ontbyt, bereik ons die *Luon*-grot wat opsioneel per kajak of per tradisionele bamboes roeiboot bereik kan word. Die grot is soos 'n tunnel wat toegang verleen tot 'n idilliese meer met helderklare water, omring deur kalksteenkranse en welige plantegroei.

Alle uitstappies tydens die vaart is onderhewig aan gunstige weersomstandighede.

Ons geniet 'n stewiger ontbyt (*brunch*) in die boot se restaurant waarna ons laatoggend weer in die hawe ontskeep. Ons reis na Hanoi-lughawe vir die binnelandse vlug na **Hue**, wat in sentraal-Viëtnam geleë is.

Aandete en oornag in hotel.

Ma 10 HUE

Hue was van 1802 tot 1945 die nasionale hoofstad en is veral bekend vir die keiserlike sitadel (fort) in dié stad. Dit is dan ook ons eerste besoekpunt vandag. Hierdie indrukwekkende struktuur het te midde van 'n interessante geskiedenis en talle uitdagings, merkwaardig ongeskonde gebly. Ná ons besoek aan die geskiedkundige vesting, onderneem ons 'n bootrit op die *Perfume*-rivier na die *Thien Mu*-pagode. Dié koepelvormige gedenkmument bestaan uit sewe verdiepings en is die hoogste godsdiensgebou in Viëtnam.

Ná middagete by 'n restaurant, besoek ons die grafte van Tu Duc en Khai Dinh. Die finale rusplek van dié twee keisers is met opset langs die pragtige landskap teen die *Perfume*-rivier opgerig omdat dit die area was waar hulle gedurende hulle skemerjare ontspan, visgevang en gejaag het. Die lewenstyl van die twee gestorwe keisers word duidelik in hulle grafte weerspieël.

Ons kry geleentheid om te sien hoe die tipiese kegelvormige bamboes- of grashoede wat *non la* genoem word, en algemeen deur werkers gedra word, gemaak word. Daarna sien ons hoe wierookstokkies met verskillende spesery geure, gemaak word.

U is self vanaand vir aandete verantwoordelik. Oornag by ons hotel in Hue.

Di 11 HUE – DA NANG – HOI AN

Vele hoogtepunte wag vandag op ons. Die skilderagtige **Hai Van-pas** met sy haarnaalddraaie, word beskou as een van die mooiste kusroetes ter wêreld. Aan die een kant is digte woude teen die steil hellings, en onder lê die pragtige uitgestrekte kusgebied. Daarna kry ons kans om die *Ngu Hanh Son* (Marmerberge) naby **Da Nang** te besoek. Hierdie vyf prominente heuwels het tunnels en grotte met verskeie tempels en beelde wat in die rots uitgegraveer is.

Die natuurreservaat op *Son Tra* skiereiland, het diverse ekosisteme met unieke fauna en flora in hierdie oerwoudgebied. Ons ry 'n pragtige roete hierlangs en sien ook die idilliese *My Khe*-strand wat vir 10 km langs 'n helderblou see en spierwit strand uitgestrek lê.

Na aankoms by ons hotel in **Hoi An**, onderneem ons 'n staptoer in die antieke stadsgedeelte met sy eie bekoorlike argitektuur. Ons geniet aandete in 'n plaaslike restaurant en oornag in die hotel.

Wo 12 HOI AN – NABURIGE DORPIES

Ons besoek **Hoi An** se lewendige kleurvolle mark wat wemel van kosstalletjies, geweefde matte, handgemaakte lanterns en ander aandenkings. Ons gaan per veerboot oor die *Thu Bon*-rivier na die naburige dorpie **Kim Bong**. Hierdie dorpie is veral bekend vir sy pragtige houtgraveerwerk met 'n eiesoortige styl. Ons besoek 'n werkwinkel waar houtaandenkings gekoop kan word.

Ons reis verder (moontlik per motorfiets) na die tradisionele vissersdorpie **Tra Nhieu**, waar oeroue metodes van bestaansboerdery en handwerk nog bedryf word. Tipiese prentjies van werkers in die rysvelde kry voor ons oë gestalte, met die moontlikheid van waterbuffels wat rustig naby wei. Ons sien hoe slaapmatte geweef en grasmandjies gevleg word.

Ons volgende besoekpunt is die klein dorpie **Cam Thanh** waar ons geleentheid kry om in tipiese grasbote oor die moerasagtige gebied te beweeg. Ons sien die Nipa palmwoude weerskante van die waterweg en sien hoe vissermanne nog tradisioneel visvang.

Ons woon 'n **kookdemonstrasie** by waar plaaslike kruie, groente en vis in tipiese disse soos gevulde pannekoek, deegrolletjies, vis in piesangblare, ens. voorberei en uiteindelik aan ons bedien word vir middagete.

Ons keer terug na Hoi An en het die res van die middag vry om nog inkopies te doen of die omgewing verder te verken.

Aandete is vir u eie rekening. Probeer dalk vir nagereg plaaslike koek soos *Banh It la Gai* of *Banh Dau Xanh*. Ons oornag weer in die hotel.

Do 13 HOI AN vrye tyd – DA NANG – VLUK NA HO CHI MINH / SAIGON

Vandag is 'n rustige dag. Diegene wat wil, kan vanoggend bietjie langer slaap en 'n laat ontbyt geniet. Vertrek- en vlugtye sal later bevestig word deur die plaaslike agentskap.

(Moontlike vlug: **VN 131 DAD SGN 15:10 – 16:55** of later)

Ons reis na Da Nang-lughawe vir 'n vlug van byna 2 ure na **Ho Chi Minh**. Hierdie stad was vroeër bekend as **Saigon** en is een van die gewildste toeristebestemmings in Viëtnam. Dit het 10 miljoen inwoners en het die grootste inwonertal van alle stede in Viëtnam. Die naam Saigon word nog dikwels gebruik en geen negatiewe konnotasies is aan die naam gekoppel nie. Dit is in 1945 na die land se held, Ho Chi Minh hernoem. Dit is hy wat uiteindelik vir Viëtnam onafhanklikheid gebring het.

Aandete en oornag by die hotel.

Vr 14 HO CHI MINH – CHU CHI TONNELS – HO CHI MINH

Na ontbyt vertrek ons op 'n halfdag uitstappie na **Chu Chi**. Ons verken hier die fassinerende ondergrondse tunnels van die stad. Dié netwerk van ondergrondse gange is sinoniem met die Viëtnam-oorlog en 'n getuigskrif van die vasberade gees van die Viëtnamese. Die werk aan die tunnels het gedurende die oorlog teen die Franse in die 1940's begin en is oor die daaropvolgende 25 jaar verbeter en uitgebrei namate die konflik tussen Viëtnam en Amerika in intensiteit toegeneem het. Hierdie tunnels is tot 'n ondergrondse stad van o.a. vergaderplekke, stoorkamers, veldhospitale en woonkwartiere ontwikkel. Die tunnels strek oor 200 km en oor drie ondergrondse vlakke. Twee afdelings van hierdie merkwaardige netwerk is as 'n gedenkpark bewaar en kan deur die publiek besoek word.

Ons geniet middagete onderweg in 'n restaurant.

Terug in **Ho Chi Minh**, of Saigon, onderneem ons 'n begeleide stadstoer. Ons besoek vanmiddag die Onafhanklikheids- of Herenigingspaleis wat vroeër bekend was as die presidensiële paleis. Hierdie belangrike landmerk in Ho Chi Minh het op 30 April 1975 sy plek in die geskiedenis verseker toe die eerste Noord-Viëtnamese oorlogstenks hier verbygedreun en die val van Saigon

en uiteindelik die einde van die Viëtnamese oorlog aangekondig het. Dit is vandag 'n museum. Daarna besoek ons die Oorlogsmuseum.

Ons sien ook voorbeelde van geboue wat uit die Franse koloniale era dateer, soos die Notre Dame-katedraal en die stad se treffende Poskantoor wat die grootste van sy soort in Viëtnam is.

Aandete word by ons hotel genuttig.

Sa 15 HO CHI MINH – BEN TRE – MEKONG DELTA – HO CHI MINH

Ons geniet vanoggend 'n vroeë ontbyt en vertrek reeds om **08:00** na Hung Vuong, die hawe van **Ben Tre** – een van die land se mees suidelike provinsies, geleë in die delta van die Mekongrivier. Hierdie gebied is bekend vir sy pragtige landskap, uitgestrekte rysvelde, doolhof van waterweë, kokosneut palmwoude en welige vrugteboorde. Dit is ekotoerisme op sy beste en bied 'n kykie in die leefwyse, kultuur en tradisies van die plaalike inwoners..

Die riviere en kanale is 'n miernes van bedrywigheid soos wat vissermanne en bote met kokosneute hul vrag vervoer. Tydens ons vaart op die rivier en kanale wat deur kokos palmoerwoude vleg, doen ons aan by 'n kokosneut- of klapper verwerkingsaanleg, met produkte wat wissel van drankies tot lekkergoed. Ons sien ook verderaan hoe die plaaslike inwoners steeds eeue-oue tradisionele metodes gebruik om bakstene met die hand te maak. Ons besoek 'n byeplasie en geniet heuningtee of tropiese vrugte en luister na hulle plaaslike musiek. Ons sien ook hoe slaapmatte gevleg word.

'n Opwindende geleentheid word gebied om met *tuk-tuk*-bromponies of fietse in die skaduwee van kokospalmbome te ry of verby die dorps huisies en met die plaaslike inwoners te meng.

Ons geniet middagete in 'n restaurant met tipiese Mekong-delta cuisine.

Ons vertrek per motorboot terug na Hung Vuong en daarna per bus na **Ho Chi Minh**.

Vanaand is aandete vir u eie rekening. Ons oornag in die hotel.

So 16 HO CHI MINH – SINGAPOER

Ons kan vanoggend op ons eie tyd ontbyt eet en die res van die oggend gebruik om in te pak, vir oulaas inkopies te doen en ons gunsteling Viëtnamese kos of versnaperinge te geniet vir middagete.

Ons vertrek vanmiddag vanaf die hotel na die lughawe vir vlug **SQ 185** wat om **19:40** na Singapoer vertrek. Ons land vanaand om **22:40** in Singapoer, vanwaar ons na middernag met vlug **SQ 478** na Johannesburg vertrek.

Ma 17 SINGAPOER – JOHANNESBURG

Ons land vanoggend om **06:10** in **Johannesburg** met mooi herinneringe aan 'n unieke toer.